# Sentrum vir Geloofsvorming

*In samewerking met Communitas, Stellenbosch*

## Wat is Geloofsvorming?

Geloofsvorming is 'n lewenslange reis saam met Jesus. Dit impliseer 'n proses van radikale innerlike transformasie wat uitloop op diens aan die naaste.

Geloofsvorming kan verder aan die hand van vier punte omskryf word:

1. **Herontdekking**
   Dallas Willard sê in sy boek, ***The Divine Conspiracy***: *"My hope is to gain a fresh hearing for Jesus, especially among those who believe they already understand Him"*. Geloofsvorming gaan oor 'n "herontdekking" van Jesus en 'n eerstehandse leer leef met Hom.

2. **Innerlike transformasie**
   Die voortdurende innerlike transformasie van ons lewens: *"Becoming a new kind of person"* (Willard).

3. **Groter emosionele gesondheid**
   'n Baie belangrike aspek van hierdie transformasie is ons innerlike genesing en heling. (Pete Scazzero: ***Emotional Healthy Spirituality***).

4. **Liefdesdiens**
   Geloofsvorming loop altyd uit op liefdesdiens aan jou naaste.

## Die fokus van die Sentrum vir Geloofsvorming is:

1. Die begeleiding van geestelike leiers (met ander woorde predikante en lidmate) op hulle eie pad van geloofsvorming.

2. Die ontwikkeling van 'n vyfjaarplan vir geloofsvorming in gemeentes.

3. Die aanbieding van 'n Geestelike Begeleidingskursus (*Spiritual Direction)* wat in 2012 gaan begin en oor twee jaar sal strek.

## Vriende van die Sentrum

**Coenie Burger** (*Vorige moderator van die NG Kerk, en huidige direkteur van Communitas)*
**Trevor Hudson** (*Metodiste predikant in Gauteng en skrywer oor geloofsvorming)*
**Mary Fisher** (*'n Rooms-Katolieke geestelike begeleier in Gauteng)*
**Willem Nicol** *(Geestelike begeleier en skrywer)*

## Trustees

Gys van Schoor (Fasiliteerder), Rassie Smit (Voorsitter), De Wet du Plessis, Tinus le Roux, Frederick Marais, Annemarie Meyer, Yolande Naude.

*"Ek is baie baie dankbaar vir die pad wat Gys van Schoor die laaste drie jaar met 'n hele klompie van ons leraars geloop het, en baie opgewonde oor die stigting van die Sentrum. Dit help nie ons maak strategiese planne, bied kursusse aan en probeer meer teologie in mense inpomp as daar nie 'n persoonsverhouding met die lewende Christus is nie. Gys se eie bedieningservaring en die pad wat die Here met hom geloop het, het hom op 'n besondere manier ryp gemaak vir hierdie werk. Ek kan dit met groot vrymoedigheid aanbeveel."*
**Coenie Burger**

**Kontakpersoon:** Thea van Schoor, E-pos: tvschoor@gmail.com, Tel: 082 442 7694 / 021 976 9227